DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**25 Desember 2022**


**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**


***Eredienste begin 08:00***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Lukas 1: 39 - 45 |
| **Tema** | Geseënde Kersfees |
| **Sang** | Psalm 33: 1, 5<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 84: 6<br>Skrifberyming 4-6:<br>Psalm 150: 1 |

Ons is geseënd wanneer en omdat ons aan die ontvangkant van God se almagtige, genadige en ontfermende handelinge en beloftes lewe. Die Here ontferm oor nietige mense. Elisabet en Maria kom uit die priesterorde van Israel. Hulle gaan beide geboorte gee aan Godsmanne. Johannes sal die wegbereider van Jesus wees.

God word mens in Jesus sodat daar vrede tussen Skepper en skepping kan kom, maar ook sodat sondaars deur God se goeie wil gerig en gelei kan word. Die geseënd wees van Kersfees beteken in die eerste plek dat ons in Christus 'n nuwe lewe ontvang het. Maar dit is ook 'n gebed wat ons mekaar toebid om elke dag tot beskikking van die Here te lewe om getuies en draers van die waarheid te wees dat Jesus die Verlosser vir die wêreld is.

Om mekaar te seën op hierdie dag beteken dat ons vir mekaar sal deurgee dit waaruit ons self lewe, dat ons Christus se beeld sal ver-toon en ons oor mekaar sal ontferm, sodat ons versoenend kan lewe tot eer van God.

Geseënde Kersfees en vrede vir almal.

## OOG VIR MEKAAR



- Ons bid vir Martie en Johan die troos van die Here toe nadat Gerhard na 103 dae in intensief oorlede is. Mag julle God se vrede ervaar. Die troosdiens is DV Donderdag om 11:00 uit ons kerkgebou.
- Ons bid vir almal wat siek is, behandeling ondergaan en wat geestelike opbeuring nodig het.
- Voorspoedige rit vir almal wat op die pad gaan wees in hierdie tyd.

# Eredienste begin 08:00

## BYBELSTUDIE

Neem asseblief kennis dat ***Bybelstudie*** eers weer in die ***nuwejaar sal hervat***.
Hou die Basuin dop vir datums.



## KERKRAAD

Die kerkraad wil graag vir almal 'n geseënde kersdag toewens.





# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 26 Des | **Joggie Krüger *** | **70** | B | 082 967 9003 |
| Di 27 Des | Lynn-Marié Combrink<br>Muné Lessing | 31<br>14 | B<br>D | 065 944 8581<br>083 636 4057 |
| Wo 28 Des | Arzelle Venter | 20 | B | 015 295 4985 |
| Sa 31 Des | **Martie Marx **** | **81** | B | 072 738 1419 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Wo 28 Des 1968 | Fanie & Dawn Hattingh | 54 | 082 556 7681<br>083 320 2235 |
| Vr 30 Des 1972 | Dawie & Hester vd Merwe | 50 | 064 905 4017<br>082 564 3755 |

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Skielik was daar saam met die engel*
*'n hemelse menigte wat God loof:*
*"Eer aan God in die hoogste,*
*en vrede op aarde vir die mense*
*in wie God 'n welbehae het!"*

*Lukas 2:13 en 14*

# DOPPERDAGBOEK

Lidmate binne die gemeente wat:

- gekwalifiseerde **elektrisiëns, loodgieters, boukontrakteurs, of enige ander ambag** het; asook :
- gekwalifiseerde **onderwysers, boekhouers,** ens
- **kleremakers, kokke, bakkers, of enige persoon wat 'n talent of stokperdjie be-oefen** en wat die graag aan ander lidmate wil bekendstel of hulle dienste aan lidmate wil gee, word versoek om hulle besonderhede by die kerkkantoor te kom opgee.



- **Ons beplan om 'n databasis op te te bou van lidmate met vaardighede wat hulp kan verleen aan lidmate binne die gemeente.**
- **Die Dopperdagboek sal kwartaaliks in die Basuin verskyn.**


## YSTERTJIES - VOEDSELPROJEK BY PLS

Een van ons susters gaan nie voort met die **kosvoorbereiding vir Suidskool se Ystertjies nie. Indien daar iemand is wat bereid is om ons hande te versterk met kosmaak een maal per maand** op 'n Donderdag vanaf Januarie 2023, kontak Barbara asb. by 0832609581.



## KERKKANTOOR

Die kerkkantoor **benodig klerehangers** om al die ou klere wat ontvang is op te hang. **Lidmate wat ou– of ekstra klerehangers het** word versoek om **asb die by die kerkkantoor af te lewer**, ons kan dit met vrug aanwend.



**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*en het hard uitgeroep:*
*“Geseënd is jy onder die vroue*
*en geseënd is die vrug van jou*
*moederskoot!*

*Lukas 1: 42*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS